Gereformeerde Kerk Pretoria
Posbus 573
Pretoria
0001
Adres van kerkgebou
H/v Kerk en Potgieter straat Pretoria
Tel: 012-3262290
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Predikant: Ds. PJ Venter
Pastorie Tel: 012-3356130
Sel: 0847042348
E-pos: pjventer@gkpretoria.org.za
Selfoon: 0847042348
Skriba: Oudl AS du Plessis
Tel: 012 - 3268154

14 Julie 2014

DIE OUDSTE BEGRAAFPLAAS VAN GEREFORMEERDE VOOROUERS VERDIEN BAIE BETER.

Aan alle gemeentes/kerkrade en besorgdes

1.1 Agtergrond

Moontlik is u daarvan bewus dat daar in die 150-jarige feesjaar van die GKSA in 2009 op grond van die dagboek van ds. Dirk Postma ernstig gesoek was na wáár die plek kan wees wat ds. Postma in sy dagboek soos volg beskryf het: Postma se dagboek is woordeliks nagegaan-

"Den 4den (April-PJV) trok ik verder, nu weer met het ossewagen , om naars Pienaarsrivier te reizen, in eene Noordoostelijke richting van Kliprivier. (Nu krijg ik ook Magaliesberg weer in 't gezicht en verheug mij hem te zien, want hoewel ik daar nog geene aardsche banden heb, daar, over dien berg heb ik toch mijne meeste gedenkteekenen, mijn Bethels en mijn Pniels. Ook ben ik nu weer geheel gesond.) Den eersten nacht blijven wij bij twee zeer oude doch lieve vrienden en houd daar godsdienst over 2 Kor. 4 en 5:1-10 en den tweede nacht te Pretoria, logies bij den Veldcornet, ook onzen vriend en houd in dien avond nog godsdienst over Hand.4. (Dezen en den volgenden dag zit ik gelukkig weer op een paard).

Den 6den preek ik daar eerst nog vóór ons vertrek over Matt.26:66 en verreizen daarna, vernachtende dien nacht bij een ouden vader in Christus en houd daar godsdienst over Jes.35.

Den 7den passeer ik Pienaarsrivier en kom behouden en geheel gesond nog vóór den middag op de kerkplaats aan. Twee ouderlingen vergezellen mij nu. Ph Schutte, mijn getrouwe medegesel te paard en de ander met zijn wagen en familie. En hier zie ik heeft de broeder voor zijn huis een groote rieten kerk

gemaakt, ook een dak van diezelfde stof. Welk een arbeid voor ééne zoodanige gelegenheid! Welk eene liefde! Mijn hart word week en vol , terwijl ik daar binnen treed, om in zijn huis te gaan. O zeg ik in mijn hart, dat ons Neerlandsche volk bedenke zijne voorrechten en ze meer dankbaar gebruiken! In dien avond houd ik godsdienst over Jes.54. ...

Op die 9de April is daar 'n ouderling en diaken verkies wat tydens die voorbereidingsdiens bevestig is.

Die verkiesing van hierdie kerkraad (al was dit net twee lede) kan as die stigting van die eerste gemeente in Pretoria beskou word. Alle ander gemeentes in en rondom Pretoria se ontstaan het uit hierdie eerste stigting voortgespruit.

1.2 Ontdekking

In die soeke na die "rietkerk" wat ds. Postma so treffend beskryf, is daar in die omgewing waar ons vermoed hierdie heel eerste erediens in hierdie "rietstruktuur" kon plaasvind, op 'n klomp grafte afgekom, heeltemal deur bos en gras oorgroei en gebreek en verwaarloos. Beeste het toe reeds vrylik oor al die grafte kon rondbeweeg en soos te wagte toe reeds baie skade aangerig. Die skade het die afgelope vyf jaar noodwendig meer en meer geword. Groot was ons aanvanklike verbasing om in 2009 tussen die klomp grafte ook te vind die graf van die eerste ouderling (PA Venter) wat vir Pretoria en omstreke moes dien. Die kosbare terrein en stukkie erfenis van ons as "Doppers" se oudste geskiedenis wat Pretoria en omstreke insluit, lê hier opgesluit. (Kyk na PA Venter skrywe van 1855).

Hier teenaan die Pienaarsrivier, baie naby hierdie begraafplaas, is die Woord van God die eerste keer uit die verband van die GKSA verkondig, op dieselfde stukkie aarde was die eerste ouderling en ook die eerste diaken (RJ Holsthuizen – latere *Holtzhausen*) aangewys en bevestig. Die grond het op die stadium aan Holtzhausen behoort wat dan baie vroeg ook van die eerste Dorslandtrekkers was, wat toe hierdie rietkerk-grond aan sy swaer verkoop het, want is RJ Holsthuizen se oudste dogter getroud met PA Venter se seun. Oor hierdie besondere geskiedenis sal nie hier verder gehandel word nie. Van hierdie gebeure kan u nagaan op 'n webblad wat poog om die geskiedenis weer te gee soos dit in hierdie vroegste jare was.

1.3 Herstel baie dringend nodig

Die doel van hierdie skrywe is om by u as kerk wat by hierdie besondere begraafplaas deur ons gemeenskaplike voorouers ingesluit is, u te versoek tot 'n geldelike bydrae (na vermoë) dat hierdie uiters verwaarloosde terrein weer opgebou kan word en so daar mag uitsien dat die kosbare hiervan nie vir die nageslag verlore sal gaan nie.

Die kerkraad van die Gereformeerde kerk Pretoria het reeds onderneem om mense aan te wys om die terrein skoon te maak, behoorlik te ontbos, langdurende omheining daar te stel en die grafstene wat as besondere kultuurskatte en kuns daar gebreek lê, te herstel.
Dit sluit in die graf en grafsteen van die eerste ouderling van Pretoria wat sy oorspronklike grafsteen ook weer herstel word en daar op graniet aangedui kan word sy roeping en rol as eerste ouderling van hierdie "wyksgemeente" Pretoria.

Ons het as mikpunt naastenby die bedrag van R100 000-00 in die oog om dan die terrein behoorlik toe te maak en die oorspronklike grafstene te herstel, wat groot bedrae gaan kos, terwyl daar ook reserwes moet wees om vir die toekomstige instandhouding van die terrein voorsiening te maak.

(Sou die gemeentes in en om Pretoria dit moontlik vind om elk tussen R2000-R5000 by te dra, afhangende van u eie begrotings, behoort ons dit wat gedoen moet word behoorlik na te kom.)

U word dan versoek dat sou u kan help om die inbetalings in ons as gemeente se bankrekening te doen-
Die rekeningbesonderhede is soos volg-
ABSA-tjekrekening
Rekeningnaam**- Gereformeerde kerk Pretoria**
Rekening nommer- 040340106

Dui asb. alle inbetalings aan deur daarna te verwys as Begraafplaas-herstel

1.4 NAGEDAGTENIS

Op van die foto's kan u die uiters verwaarloosde toestand sien waarin hierdie grond en grafte tans in verkeer. Die foto's is op 12 Julie 2014 geneem. Dit gaan verlore raak as daar nie nou iets gedoen word om dit behoue te laat bly nie. Op die stadium is die grafte steeds in die oopte waar beeste vrylik daaroor kan heen beweeg met van die verwagte skadelike gevolge en word daar vrylik op hierdie

erfenis getrap en gemis. Dit mag nie so voortgaan nie. Kyk ook na webwerf by http://bit.ly/1q8Ag4h

Bly met broedergroete

U broeders in Christus

(Ds. PJ Venter-voorsitter)

(Oudl AS du Plessis- skriba)

	Eerste ouderling se graf
	Aanduidings van die groot skades wat hier reeds is

Geen omheining, sodoende loop beeste ook hier rond en het reeds baie skade veroorsaak